## Hoofstuk 69 - DIE 'JAKKALS HERODES' (Luk.13:32) 07.12.1840 HIM1.238

Ans.H. het tot die Meester gebid om die volgende twee verse in die **Evangelie van Lukas** te verduidelik, **Hoofstuk13:32-33:**

*“32 En Hy het vir hulle gesê: Gaan vertel daardie jakkals: Kyk, Ek dryf demone uit en maak gesond, vandag en môre, en op die derde dag sal Ek vervolmaak. 33 Maar Ek moet vandag en môre en die volgende dag verder gaan, want dit kan nie gebeur dat 'n Profeet buitekant Jerusalem omkom nie. [Levítikus 9:11; Deuteronómium 18:15]”*

01] Weereens, is iets so maklik dan nie te verstane nie? - O dit vra tog in julle hart, en julle sal dadelik daarin sien, die geslepe, heerssugtige "Jakkals Herodes", wat ten eerste wil heers, vandag in die vlees, môre in die siel, en die derde dag in die gees.

02] Dit sal vir Hom die ergste ding wees om te beleef dat Ek eers die vlees oordeel deur die krag van My Woord, nadat Ek daaruit alle oneerlikheid, boosheid en weelderigheid in alle dinge verwyder het – en dan tweedens die siel lewend maak deur My genade – en dan maak Ek die gees vry deur My Liefde.

03] So, vandag moet julle dus in die vlees gesien word, sodat die jakkals van eieliefde dit nie agterkom nie, en môre moet jy in jou siel bevry word van al die bose uitlopers wat daarin gegroei het vanuit die vlees; en op die derde dag sal die gees bevry word tot volle besitname van die siel en daardeur van alle vlees, sodat daar ruimte gemaak word in julle hart vir My, sodat Ek, in hierdie Jerusalem, en nêrens anders (wat waarskynlik nie geskik is vir My nie) deur die werk van die Verlossing, Myself kan voleindig in die mense sodat die mens daardeur voleindig kan word in homself, deur My, en wedergebore word deur My voleinding in Hom, deur en deur, dit wil sê **vandag, môre, en op die derde dag, of wat dieselfde is: in die vlees, in die siel, en in die gees;** of in wêreldsheid, geestelikheid en in die Liefde; of in hierdie lewe, na die uittrede uit die liggaam en uiteindelik vir en in die Hemele!

04] Maar wat het die mens te doen met die "Jakkals?” Of wat het die vordering in onderrigting te doen met Herodes? - Kyk, daar is nie 'n enkele ongerigte stap wat sy lewensdoel wil misloop nie. Maar dit is slegs in die mens waar vryheid sy verskyning maak en daardeur die openbaring van die gees in die tyd van die opstanding vir die ewigheid. - Daarom is Herodes nie 'n jakkals of enige ander dier nie; maar hy wil so slu wees soos 'n jakkals, sonder om daaraan te dink dat Ek selfs slimmer is en self goed verstaan om die ouers van die hel uit die huis te lok en dan My verbond met hulle dogters te maak en hulle almal na My koninkryk te ontvoer; en hoef daarna aan niemand rekenskap te gee oor dit wat Ek doen nie, en bekommer My weinig oor die jakkals. Want Ek is 'n Meester en is vry om te doen wat Ek wil!

05] Jy sien, dit is die maklike begrip van hierdie twee tekste! Maar, doen jy ook met jou "jakkalse" soos Ek met Herodes gedoen het. Dan sal jy spoedig een word met My, jou Heer en Meester en Vader! - Amen.

## Hoofstuk 70 - RAAK MY NIE AAN NIE! Joh. 20:17 (16.12.1840) HIM1.251

Asseblief: "O Meester, ons vra U in alle nederigheid om uitsluitsel aangaande die volgende skrif gedeeltes: In Johannes, **Hoofstuk 20:17** lees dit:

*“JaHWèshua sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na My VADER nie; maar gaan na My broers en sê vir hulle: Ek vaar op na My VADER en julle VADER, en My Elohey en julle Elohey.”*

Maar in Johannes, **Hoofstuk 20:27** dit sê:

*“27 Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na My hande; en bring jou hand en steek haar in My sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig.”*

Laat daar geen ander wil wees nie, nie in die hoogtes of in die dieptes, maar slegs Uwe! En wat ookal gebeur in die hoogtes of die dieptes, laat dit wees volgens U Heilige wil! Amen."

01] Dit is wat gebeur, en jy moet dit so skryf. - Maar moet jy nie uit jouself bely dat, hoe nader jy aan iets is nie, hoe minder jy sulke dinge verstaan nie? Kyk, hierdie twee tekste is so naby aan jou as ooit moontlik kan wees! Maar in plaas daarvan om in die nabyheid te soek, soek jy dit in die verre afstand, beide in ruimte en in tyd, na die begrip van sulke maklike dinge en vind dus te alle tye niks daar, waar niks gevind kan word op dié wyse nie.

02] wie sal sy huis in die water soek, en sy woonplek in die vuur, en nie besef dat hy in sy huis of in sy woonplek is, terwyl hy dit blindelings soek, waar dit nie is, en ook nie kan wees nie.

03] in watter kerk is jy – en wie was Magdalena? - Maar watter kerk stem ooreen met My broers – en wie is Ek? – Jy sien, hierdie twee vrae bevat die hele geheim!

04] of dink jy dat die voormalige hoer en danseres voor al die groteres van die wêreld en die heidene, wat sewe duiwels van die vlees in haar gehad het, sedert haar twaalfde jaar, en deur My verlos is, en wat baie werke van liefde en 'n latere ernstige boete-doening verrig het – in staat sou wees om My Heilig-heid aan te raak, aangesien haar trane en die hare van haar hoof nouliks in staat was om My voete aan te raak.

05] kyk na julle kerk - en jy sal sekerlik die "Moet My nie aanraak nie" helder en duidelik daar vind! Maar Ek sê vir haar ook wat Ek vir Magdalena gesê het: gaan en vertel My broers dat Ek ook meer dikwels opgestaan

het onder julle kinders, en kom nou na hulle toe, dat hulle My kan sien, en hulle liefde kan lê aan die deur Liefde deurboorde Sy, en ontdek aldaar, soos 'n Thomas, die smal Poort en die smal Weg wat lei tot die ewige lewe en so ook na die Vader, wie My Vader is, en deur My ook julle Vader, en wat My Elohey is, en daardeur ook julle Elohey.

06] daarom moet julle ook almal julle **"hande in My wonde steek"** sodat julle kan glo dat Ek die ewige Lewe self is, in eie Krag - net soos Ek die opstanding self is, en Ek het nie die Lewe van die Vader nie, maar Ek is die Lewe van die Vader self; soos die Vader nie buite My is nie, maar die Elohim van die ewigheid in My is, net soos alle Gees van heiligheid in alle mag en krag van My uitgaan, soos vanuit die Vader, **as een en dieselfde Gees.**

07] kyk, as na die opstanding Ek alles was wat Ek nou is, en vir ewig sal wees - sou 'n bekeerde hoer ten gronde gegaan het as sy My aangeraak het, omdat sy nog ver was van reiniging deur 'n ware bekering? Sulke dinge word slegs toegelaat aan diegene wat voorheen hulle voete gewillig deur My laat reinig het en die groot nagmaal saam met My geniet het.

08] nou sê Ek vir julle: laat julle Ek ook jul “voete was", of “trek jouself weg” daarvan om jou plek te ontvang by My tafel van ware Liefde! En moet jou nie bekommer oor Magdalena nie, maar glo dat dit slegs Ek is wat na julle toe kom in stilte. En plaas jou hart in My geopende sy, sodat dit daar versterk kan word vir die Ewige Lewe!

09] want aan julle sê Ek nie: "Noli me tangere!" - maar (aan julle sê Ek) wat aan Thomas gesê is - omdat julle min of meer byna almal harde Thomasse is, sodat ook julle eendag, net soos hy, tot die Lewe kan kom! Maar let hierop: Slegs Ek, en nie Magdalena nie, het die Lewe. Die nuus aangaande Magdalena is dus nie genoeg nie, maar slegs wanneer Ek ten volle in jou hart sal inkom, sal die profesie in jou vervul word, dat Ek "opgevaar het" na My Vader en julle Vader, en na My Elohey en julle Elohey, en julle in My en met My. Amen. So spreek Ek, die Opstanding en die ewige Lewe. Amen!